Goode by Sharks ingesluit vir Saterdag

Donderdag, 04 Maart 2010

Die Engelse losskakel, Andy Goode, is in die Sharks se beginspan ingesluit vir Saterdag se Super 14-wedstryd teen die Waratahs in Sydney.

Die veelsydige Ruan Pienaar vervang Rory Kockott op skrumskakel en Riaan Swanepoel sal in die plek van Waylon Murray op senter uitdraf. Verskeie veranderings is ook onder die pak voorspelers aangebring met die kaptein, John Smit, onder meer terug op haker in die plek van Bismarck du Plessis. Die Sharks het hulle eerste drie wedstryde in die kompetisie verloor en is in die tweedelaaste plek op die punteleer.